Die Christelike Vrou

Lééf die liefde | Amptelike mondstuk van die NHSV | Mei 2021

# Hoe lyk 'n moeder?



**André Hanekom het in sy artikel op die volgende blad die ABC van moeders só uiteengesit (die oorspronklike outeur daarvan is onbekend):**

A: Altyd daar
B: Betroubaar
C: Christelik
D: Dierbaar
E: Eerlik
F: Fluks
G: Goedhartig
H: Hartlik
I: Ingelig
J: Jammerhartig
K: Kalm
L: Lojaal
M: Mooi
N: Nederig
O: Opreg
P: Positief
Q: Qualiteit (wel hier gespel met Q)
R: Rustig
S: Simpatiek
T: Tegemoetkomend
U: Uitsonderlik
V: Verdraagsaam
W: Wys
X: X-straaloë (weet voor jy bieg)
Y: Ywerig
Z: Zzz vir wiegelied

Ons het al dikwels oor ma's, mammas en oumas geskryf, maar dit sal nooit genoeg wees nie. Elke liewe mens het 'n eie belewenis – hetsy goed of sleg – van sy of haar ma wat sekerlik 'n artikel sou regverdig. Ek dink – dalk seker eerder hoop en bid – dat die meeste mense positiewe belewenisse van of herinneringe aan hul ma's het, want dit moet 'n geweldige leemte en trauma wees as dit nié so is nie.

As jy nog die voorreg het om jou ma in jou lewe te hê, waardeer haar. Sê gereeld jy is lief vir haar, besoek haar of sorg self vir haar. Dis hartverskeurend dat daar ma's is wat nie deur hul kinders besoek word nie, wat soms nie eens deur hul kinders gekén wil word nie.

Ma's is enig in hul soort en iemand wat nie 'n ma is nie, sal die band tussen 'n ma en kind seker nooit ten volle kan begryp nie... maar laat ek nou nie André se artikel vooruit loop nie!


Hannelie


50
SALE
Moeders is 'n geskenk van God

# Moeders is 'n geskenk van God

*Moedersdag*

***André Hanekom***



**Moeder Maria, Moeder Teresa, my eie ma en jou ma en alle moeders op aarde: Wat bind hulle almal saam, dít waarop menswees gebou is?**

Ongevraag dink ek dadelik aan die kruistoneel. Maria is daar en sien nie net haar Verlosser nie, maar ook haar geliefde seun, en haar hart is verskeur. Onmag om haar Seun te help: Sy kan Hom nie vertroos nie, nie sy trane afvee of die skrape soos van 'n klein seuntjie versorg nie.

Maria, soos alle moeders, se lewe is vol opwinding, verbystering, vrees, liefde, hartseer, aanvaarding en vreugde. Die besoek van Gabriël bring vir Maria verbystering, maar in geloof ook aanvaarding. Later in haar lewe vreugde met die geboorte, trots om te sien hoe Hy groot word, maar ook vrees vir vervolging, en uiteindelik 'n verskeurde hart om haar Seun te sien ly en sterf aan die kruis. Jesus sien haar raak by die kruis en vertroos as seun sy moeder en sorg in die Joodse tradisie dat sy versorg word. Ons lees in Johannes 19: 26: *Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun." Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder."*

Moeder Teresa, wat nie haar eie kinders gehad het nie, word letterlik die moeder van almal op die kantlyn van die lewe; sy ervaar dieselfde emosies van liefde, verbystering, hartseer, aanvaarding in geloof, maar ook vreugde in haar lewe van toewyding.

Daar is talle voorbeelde in die Bybel. Eva, die eerste moeder wat die vreugde van 'n baba ervaar, maar ook die eerste wat 'n kind aan die dood moes afstaan en ook deur al bogenoemde emosies moes stoei. Ons dink ook aan Jogebed, die moeder van Moses, en die verskrikking van die farao se bevel dat alle pasgebore Israelitiese seuntjies in die Nyl gegooi moes word. Sy moes leef, besluite neem en haar emosies verwerk. Hierdie vroue het in geloof aan God en in liefde bly handel.

Maureen Keeley, medeskrywer van die boek *Final Conversations*, se navorsing oor sterwendes en dit wat hulle die meeste as laaste woorde uiter,

# Moeders is 'n geskenk van God



wys die woord *ma* of *mamma* kom dikwels voor. Dit gaan oor die naelstring van onvoorwaarlike vertroue en liefde wat ons bind aan ons mammas.

Ek dink na oor Moedersdag en lees oor die ontstaan daarvan. Dié dag is op 12 Mei 1908 in die VSA ingestel deur Anna Jarvis. In verdere navorsing vir hierdie artikel kom ek af op verskeie voorbeelde van verhoudings en aanhalings oor moeders. Ek besef egter ook dadelik dat hierdie dag eintlik, soos baie ander dae, verval het in kommersialisering en oppervlakkigheid.

Kyk egter hoe beskryf die Bybel moeders en kinders:

*Seuns is geskenke van die Here, kinders word deur Hom gegee.* (Ps 127: 2)

*Wie in die hemel of op die aarde is soos die Here God, wat hoog woon en hier onder alles sien? Die geringe help Hy op uit die stof, die arme laat Hy van die ashoop af opstaan om hom by vernames te laat sit, by die vernames van sy volk. Aan die kinderlose skenk Hy 'n huisgesin, sy word 'n gelukkige moeder van kinders. Prys die Here!* (Ps 113: 5-9)

My peetseun, Duncan, vra my terwyl ek die artikel skryf waarmee ek besig is. Ek vertel hom en vra hom wat dink hy is 'n mamma, en onomwonde antwoord hy as bevestiging vir die antwoord op my openingsparagraaf: *Liefde*.



Moeders is deur God geskape as riglyn en voorbeeld vir ons almal. Die goue band wat ons almal bind, is die duidelikste sigbaar in moeders en die eienskappe van 'n moeder, die ABC, wat as riglyn dien vir ons lewens.

Elke dag moet Moedersdag wees, elke dag moet ons vir hulle bid dat hulle sterk sal staan in geloof, en dat hulle sy liefde tasbaar in hul lewe sal ervaar. Mag hulle geseënd wees.

Pres Theodore Roosevelt het gesê: *When all is said, it is the mother, and the mother only, who is a better citizen than the soldier who fights for his country. The successful mother, the mother who does her part in rearing and training aright the boys and girls who are to be the men and women of the next generation, is of greater use to the community, and occupies, if she only would realize it, a more honourable as well as more important position than any man in it. The mother is the one supreme asset of the national life. She is more important, by far, than the successful statesman, or businessman, or artist, or scientist.*

Loof die Here elke dag vir moeders!

# Rata



# Rata



***Covid*. Dié naam gaan ons almal nog vir baie lank bybly...**

Ons almal het kennis gedra van die noodsaaklike werkers en dienste (sogenaamde *essential services*). Heeltyd in die nuus hoor ons almal van die onbaatsugtige diens van gesondheidswerkers, aptekers, werkers in supermarkte wat voedsel moes voorsien, ensovoorts. Ja, ons is dankbaar vir hulle, want hoe sou ons in die grendeltyd sonder hulle kon aangaan?

As maatskaplike werker was my hart egter swaar gedurende hierdie tyd – ek het selde gehoor van ekstra ondersteuning vir maatskaplike werkers wat ook noodsaaklike dienste moes lewer. Inteendeel, daar is vir ons gesê dat ons noodsaaklik is, maar selfs die Departement Maatskaplike Dienste het nie aan organisasies gemoeid met hierdie dienste enigsins ondersteuning gegee nie. Hulle het in sekere gevalle selfs gedreig om subsidies in te kort om die ander noodsaaklike dienste se begrotingstekorte aan te vul!

Ek dink steeds aan 'n maatskaplike werker wat aan die begin van die grendeltyd vir my gesê het: *Charmaine, ek is bang vir hierdie virus, maar wat moet ek maak as ek kinders moet gaan verwyder wat verwaarloos, mishandel of misbruik word? Ek móét daar uitkom, in die huise waar die siekte broei.* Ek het geen trooswoorde vir haar gehad nie. Sy het geweet dat dit haar opoffering was, agter die gordyne waar niemand dit raaksien nie… Vir Rata se personeel was dit maar net *business as usual*.

Covid het nie gemaak dat kinders minder aan geweld blootgestel is nie. Inteendeel, kinders wat voorheen darem vir gedeeltes van hul dae by hul skole veilig kon wees, was nou ingehok, saam met die volwassenes vir wie hulle die bangste was. As Kinderbeskermingsorganisasie het Rata voortgegaan om die geveg te veg, selfs toe die howe nie beskikbaar was nie en selfs toe daar selde plasingsgeleenthede vir kinders was! Kinderbeskerming is en bly steeds die passie vir elke werker van Rata.



# Rata



Rata het nie net oorleef nie, maar ons beplan om nóg meer impak te maak om kinders en weerloses te bereik. Die volgende projekte en bewusmakingsveldtogte word beplan vir die Nasionale Kinderbeskermingsweek aan die einde van Mei 2021:

- Verskeie kantore loods gedurende dié week veldtogte om skoolgaande kinders bewus te maak van boeliegedrag: hoe om dit raak te sien, te hanteer en te voorkom.
- Die regte van kinders word benadruk, en sommige Rata-kantore sal skole en gemeenskappe daarvan bewus maak en verduidelik hoe en waar enige oortredings teenoor kinders aangemeld kan word.
- Rata, as Kinderbeskermingsorganisasie, se dienste sal in die areas van 15 kantore bemark word.

Omdat Rata oordeel dat die organisasie meer geredelik beskikbaar moet wees vir lidmate van die NHKA, het ons ook webinare begin aanbied waarin sekere maatskaplike kwessies bespreek word. Ons eerste prioriteit is beslis om probleme een-tot-een te hanteer en aandag te gee aan die behoeftes van lidmate. Weens die gebrek aan kapasiteit (nie genoeg personeel nie), kan die webinare egter slegs 'n ondersteunende rol vervul. Ons beplan om voort te gaan daarmee en hoop om lidmate wat deurlopend hulp en ondersteuning nodig het, so te kan bereik.

Ten spyte van al die uitdagings wat op ons pad gekom het, het ons nooit iemand weggewys nie. Dit was alleen moontlik danksy die hulp en ondersteuning van die lidmate van die NHKA en die gemeenskap. As organisasie wat afhanklik is van die Staat vir finansiële oorlewing, is elke donasie, hulp en skenking van watter aard ook al, van die grootste waarde. Die deurkollekte wat jaarliks vir Rata geoormerk word, lewer 'n uiters belangrike bydrae tot ons finansiële oorlewing en volhoubare groei om die belangrike werk te lewer waaroor niemand graag dink nie.

Lidmate word uitgenooi om tydens **Sondag 6 Junie 2021** se deurkollekte, wat vir Rata geoormerk is, 'n bydrae te maak aan Rata, sodat ons steeds kinders kan beskerm en ons naaste kan bystaan. Dankie dat jul harte ook warm klop vir mense in nood!

***Dr Charmaine Fourie***
***Programbestuurder (Rata Hoofkantoor)***
***071 684 7796***

***Kinderbeskermingsweek:***
***Rata webinar en deurkollekte***



# Emosionele welstand danksy diere



# Emosionele welstand danksy diere

**Foto's: Ds Kathleen Smith en Pixabay**

**Ds Kathleen Smith**



**Spitstyd in die stad verg geduld. Terwyl ek my beurt afwag by die robot, skuur hy verby met sy trollie wat herinner aan 'n sierwa van die jool. Sy kosbare vrag, toegevou in 'n oranje seil, met sy hond, met 'n hoed en bril op.**

Toe ek vra na haar naam, antwoord hy uit die hoogte: *Lady*, asof ek eintlik moes geweet het! Dit is eers tuis dat ek na die foto kyk en sien, styf langs haar ma ingedruk, sit klein Lady.

Clint en *Biscuit* sit en wag op een van die *MyCity*-busroetes, by een van die ligte. Hy trek die plakkaat hoog bokant sy kop. Die appèl is vir kos vir sy hond, en in baie kleiner skrif, 'n kombers vir homself en dalk ook kos. *Biscuit* sit op 'n kleurvolle gehekelde kombers op die rooi teer. *She is the love of my life*, sê Clint vir my. Ook hy leef op straat met sy hond.

Skuins oorkant die Paleis Noordeinde in Den Haag staan die monument-standbeeld van koningin Wilhelmina met die titel *Eenzaam, maar niet alleen*. Dit is ook die titel van haar outobigrafie. Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie kan bejaardes en mense wat alleen is, erge eensaamheid (*loneliness*) beleef vanweë die afsondering wat kwarantyn en isolasie meebring.






My opdrag is om te skryf oor diere wat die afgelope jaar so 'n groot rol gespeel het in ouer persone se lewens. Ek maak 'n opname van diegene wat aan my bekend is en wat in tehuise of aftreeoorde woon waar hulle troeteldiere mag aanhou. Panorama Palms laat inwoners toe om troeteldiere aan te hou. 'n Paar inwoners het hul hondekinders saamgebring. Daar is ook die *African grey*, Ponkelnossie, van oom Carl de Beer.

Watter verskil het hierdie diere gemaak? Daardie honde moes steeds versorg word en het gesorg dat hul eienaars daagliks uit hul kamers of huise kom en die noodsaaklike rondtes gaan stap. Mens en dier het daarby gebaat. Dit het ook geleentheid gebied om ander inwoners te siene te kry, al was dit net op 'n afstand en met 'n wuif vir mekaar.

By die George en Annie Starck-tehuis is daar 'n gemeenskaplike hond by die versorgingsoord. Hy is 'n dienshond en verskaf aan menige inwoner grootskaalse vreugde. So is daar ook 'n rondloperkat wat hom kom tuis maak het in Smiley (een van die inwoners) se kamer. Sy het begin om die kat te voer: melk uit die kombuis en van haar snoepgoed. Smiddae sou die kat arriveer en snoesig in die sonkol op haar bed kom lê. Toe sy siek word en verskuif word om in isolasie te gaan, was haar groot gemis die kat. Groot vreugde en blye weersien met haar terugkeer na haar kamer, om haar kuierkat weer te sien! Dan is daar Reenen met sy dienshond Cirby. Cirby is 'n werkershond, want Reenen kan nie praat nie en is outisties.

Die emosionele impak van die Covid-pandemie op onder meer ouer persone sal ons nog lank bybly. Groot onsekerheid en verwarring het geheers en daarmee saam bekommernis oor hul kinders en families; gevoelens van eensaamheid en alleenheid; frustrasie en verveeldheid. *Maroela Media*

# *Emosionele welstand danksy diere*

***Vervolg*** **_Ds Kathleen Smith_**



*berig op 30 Julie 2020: Troeteldiere versag Covid-19-afsondering*. Hulle vertel spesifiek hoe mense wat tuis begin werk het, aandag kon gee aan hul troeteldiere. Meer nog, daar het ander lewe in die huis gekom. Troeteldiere vra versorging en maak 'n appèl op mense in terme van tyd, opoffering en omgee.

Troeteldiere en die rol wat hulle speel in die lewens van bejaarde persone is tans onder die soeklig. Dit is vir baie persone wat na tehuise of aftreeoorde moet gaan 'n groot verlies as hulle nie hul troeteldiere mag of kan saamneem nie. Die opset by sekere tehuise, die eng reëls van sommige plekke, is wel 'n realiteit omdat die bejaarde persoon self versorg moet word en dikwels nie meer kan help met die versorging van die troeteldier nie. Genadiglik is daar al meer tehuise wat besoeke van diere en hul hanteerders toelaat.

Om 'n troeteldier te hê, is 'n verryking vir die senior persoon met aftrede; die dier hou die persoon geselskap en is 'n lojale vriend. Hulle sorg beslis vir meer aktiwiteite in die alledaagse lewe. Daarvan was die stappery met grendeltyd 'n goeie voorbeeld.

Die video-oproepe en WhatsApp-boodskappe en foto's is wel daar. Om die stem van 'n kleinkind of kind te hoor, is kosbaar, maar dis nie tasbaar soos om die kat op tel en in jou arms te hou nie. Die *African grey* kom sit op jou skouer, klim op jou voet of pryk op jou vinger – by jou en met jou – en eggo jou woorde: 'n gesprek tog! Die hond kan jy optel en op jou skoot knus laat woel en lê. Ja, ja, daar was die vrese dat jou hond of kat die virus kan oordra. Gelukkig met die reël: Moenie ander se honde of katte streel nie!

Luther het gedink, eendag sal sy hond 'n goue stert in die hemel hê, of minstens met die wederkoms. Ek dink weer die engele is eintlik ons hondekinders wat gaan koor sing!



# Hondevoeding





# Hondevoeding

**Antoinette Scott** **Foto's: Ds Hannelie Botha en Pixabay**

**Gedagtig aan ds Kathleen se artikel op die vorige bladsye het ek weer gedink aan hoe goed ons vir ons troeteldiere behoort te sorg. Hulle is tog van ons afhanklik. Die Duitse filosoof Immanuel Kant het gesê: *We can judge the heart of a man by his treatment of animals.***

Kom ons kyk kortliks na wat ons vir ons dierekinders gee om te eet.

**Hoe beïnvloed hondekos jou hond se welstand en waarom is dit belangrik om te weet wat goed is vir hulle en wat nie goed is vir hulle nie?**
Daar is 'n toenemende neiging dat mense oplet na wat hulle in hul monde sit. Ons het bewus geword van geneties gemodifiseerde organismes (GMO's) en allerhande ander bymiddels in ons kos om dit lekkerder te maak, en ons bestee nou 'n bietjie meer tyd daaraan om die etikette te lees wat uiteensit wat in die kos is wat ons eet. Daar is die gesegde wat lui: *Jy is wat jy eet.* Dieselfde geld vir ons troeteldiere. Kos met voedingswaarde geniet voorkeur bo kos wat geëet word net om jou maag te vul.

Ingemaakte hondekos het na die Tweede Wêreldoorlog 'n baie groot onderneming geword. Dikwels het die bestanddele in die blikkieskos nie 'n gebalanseerde maaltyd aan honde gebied nie, en is dit beskou as 'n goedkoop alternatief om troeteldiere 'n maaltyd te gee om hul maag te vul eerder as om hul welsyn in ag te neem. Namate die bedryf meer mededingend geword het om die "goedkoopste" alternatief te vind om honde te voer, is *kibble* gebore – of soos dit ook bekendstaan: hondepille of brokkies. Met brokkies kan 'n mens 'n groot sak gedroogde kos vir jou hond koop in die plek van blikkies, en dit teen 'n baie lae prys.



**Maar wat presies is in brokkies?**
Die mark het uitgebrei met verskeie keuses vir jou hond, met talle geure om van te kies. Nie alle brokkies is sleg nie, maar baie van hulle bied nie 'n goed gebalanseerde voedingsmaal nie. Honde is nie ontwerp om graan as die belangrikste basis van hul maaltye te hê nie. Brokkies is gemaak van graan met proteïen wat bygevoeg is en geurmiddels om dit lekker te laat smaak.

# *Hondevoeding*

***Vervolg***

**Hoe weet ek waarna ek moet oplet as ek brokkies koop?**
Honde moet 'n minimum van 24% en 'n maksimum van 29% proteïen per dag kry.

Namate honde-eienaars meer bewus geword het van wat hulle hul honde voer, het die mark die afgelope paar jaar ontwikkel met baie opsies: van bevrore gekookte maaltye tot rou dieetopsies. Dit is altyd raadsaam om jou hond deur jou veearts te laat nagaan voordat jy die hond se dieet drasties verander, want dit kan groot gevolge vir hul gesondheid hê. Ek was onlangs geskok oor my worshond wat pankreatitis ontwikkel het as gevolg van te veel vet in haar dieet. Dit was die gevolg van haar liefde vir stukkies kaas. Gelukkig gaan dit nou goed met haar, maar dit het my 'n waardevolle les geleer dat dit wat goed is vir ons, nie noodwendig goed is vir ons viervoetige kinders nie.

**Watter soorte kos kan ons kosbare hondekinders dan nou kry en wat nie?**

**Vermy die volgende:**
- Suiker.
- Druiwe.
- Uie.
- Bene. *(My eie hondjie moes uitgesit word omdat 'n klein, plat beentjie in sy keel vasgesit het en die veearts dit nie kon sien nie –Red.)*
- Oorskietkos van jou eie bord af.
- Kaas.
- Xylitol.
- Biltong (heeltemal te veel sout en speserye).

**Gee gerus die volgende:**
- Appel (sonder die pitte).
- Wortels (rou of gaar).
- Broccoli.
- Groenbone.
- Pampoen.
- Spinasie.
- Murgpampoen.
- Wenk vir veral ouer honde: Strooi borrie in hul kos – dit help vir gewrigspyne.

Onthou dat ons hondekinders die beste verdien as dit by etes kom. Maak tyd om uit te vind wat die beste by jou honde pas in terme van hul welstand. Maak tyd om hul maaltye interessant te maak – hulle sal jou ekstra liefhê daarvoor. Bo alles: Gee vir hulle soveel liefde as wat hulle liefde vir jou onvoorwaardelik is.



**Medewerkers aan hierdie uitgawe:**
**Ds Hannelie Botha (redakteur), ds Kathleen Smith, dr Charmaine Fourie, Antoinette Scott, André Hanekom**
**Taalversorging: Tessa Oppermann**
**Foto's vanaf www.Pixabay.com tensy anders vermeld. Ander grafika van www.flaticon.com**
**Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za**

| | | |
|---|---|---|
| www.nhsv.org.za | Posbus 111, Worcester 6849 | diechristelikevrou@gmail.com |
| diechristelike | Christelike Vrou | 082 923 9439 |

***Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van*** *Die Christelike Vrou* ***se redaksie of die NHSV nie.***